

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great
Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM
PAPERS



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2021

EKONOMIE V2

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae as volg in die ANTWOORDEBOEK:
 - AFDELING A: VERPLIGTEND
 - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
 - AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.
2. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
3. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.
4. Lees die vrae aandagtig deur.
5. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.
6. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.
7. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.
8. Gebruik slegs swart of blou ink.
9. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
10. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1****30 PUNTE – 20 MINUTE**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld. 1.1.9 D.
- 1.1.1 Die waarde van die insette wat deur die entrepreneur besit word en gedurende die produksieproses gebruik word, word ... koste genoem.
- A totale
 - B implisiete
 - C eksplisiete
 - D marginale
- 1.1.2 Produkte wat deur monopolisties mededingende besighede geproduseer word, is ...
- A uniek.
 - B homogeen.
 - C gedifferensieerd.
 - D dieselfde.
- 1.1.3 In ekonomie, verwys die langtermyn na die tydspanne waar ...
- A al die produksiefaktore vas is.
 - B sommige produksiefaktore vas is.
 - C al die produksiefaktore kan verander.
 - D slegs vaste koste relevant is.
- 1.1.4 'n Lewensvatbaarheidstudie word oor die algemeen deur die ... sektor gebruik om 'n projek mee te evalueer.
- A Privaat
 - B Buitelandse
 - C Openbare
 - D Finansiële
- 1.1.5 Indien alle ander dinge dieselfde bly, sal vraagtrek-inflasie mees waarskynlik die oorsaak wees van 'n styging in ...
- A die vlak van die rentekoers.
 - B die inkomstebelasting koers.
 - C die koste van ingevoerde grondstowwe.
 - D staatsbesteding.

1.1.6 Suid-Afrikaners wat vir plesier of besigheid oorsee reis, word ... toeriste genoem.

- A uitgaande
- B buitelandse
- C inkomende
- D transito

1.1.7 Vis is 'n voorbeeld van 'n ... hulpbron.

- A nie-hernubare
- B hernubare
- C basiese
- D gemeenskaplike

1.1.8 Die regering kan 'n baie belangrike rol speel in omgewings volhoubaarheid deur sy ... beleid

- A monetêre
- B ontwikkelings
- C verstedeliking
- D fiskale

(8 x 2) (16)

- 1.2 Kies 'n beskrywing in KOLOM B wat by 'n begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDE-BOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B
1.2.1 Ongereguleerde mark	A Besoeke aan museums en kunsgalerye
1.2.2 Mededingings-kommissie	B Neem die uitwerking van inflasie op die bruto binnelandse produk in ag.
1.2.3 Kartel	C Genot en waardering van die onversteurde natuur
1.2.4 Private koste	D Organisasie van besighede wat tot stand kom om 'n gesamentlike monopolie te vorm.
1.2.5 Konstante pryse	E Onderzoek beperkte sakepraktyke
1.2.6 Eko-toerisme	F Verkry uit die gebruik van water, getye, die son en die wind
1.2.7 Huishoudelike afval	G Geen beduidende invloed en beheer deur die regering nie
1.2.8 Groen energie	H Geskep in produksie
	I Word aangegaan deur besighede wanneer hulle goedere en dienste produseer

(8 x 1) (8)

- 1.3 Gee EEN begrip vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die begrip langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.3.1 Minimum verdienste wat vereis word om te verhoed dat 'n onderneming toemaak en sy produksiefaktore iewers anders gaan aanwend
- 1.3.2 'n Instelling of meganisme wat kopers en verkopers vir goedere en dienste bymekaar bring
- 1.3.3 Verbruik deur een persoon verminder op geen manier die verbruik deur 'n ander persoon nie
- 1.3.4 'n Toestand van lae groei, hoë werkloosheid en hoë inflasiekoerse
- 1.3.5 'n Plek wat deur (UNESCO) *United Nations Scientific and Cultural Organisation* vir spesiale kulturele of fisiese betekenis gelys word
- 1.3.6 Tradisionele kennis wat 'n praktiese toepassing vir daaglikse oorlewing inhou

(6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.


VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae:

2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van kollektiewe goedere. (2)

2.1.2 Hoekom is die vraagkurwe van 'n volmaakte mededinger horisontaal? (2)

2.2 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.



2.2.1 Identifiseer die toemaak-/afsluitpunt op die bostaande grafiek. (1)

2.2.2 Benoem die kurwe wat deur letter **A** voorgestel word. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die begrip *toemaak-/afsluitpunt*. (2)

2.2.4 Beskryf die aard van die produkte in volmaakte mededinging. (2)

2.2.5 Watter uitwerking het die toetrede van nuwe besighede op die volmaakte mark? (4)

2.3 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

EKSTERNALITEITE



Eksternaliteite is die hoof-oorsaak van markmislukking en vind in byna elke mark plaas. Eksternaliteite kan positief of negatief wees en kan die werking van markte beïnvloed.

NEGATIEWE EKSTERNALITEIT

[Bron: www.investopedia.com]

- 2.3.1 Identifiseer die soort negatiewe eksternaliteit wat in bostaande prent voorgestel word. (1)
- 2.3.2 Noem enige EEN metode wat deur die regering aangewend word om negatiewe eksternaliteite te verminder. (1)
- 2.3.3 Beskryf kortliks die begrip *negatiewe eksternaliteit*. (2)
- 2.3.4 Verduidelik hoe nie-meriete goedere markmislukkings veroorsaak. (2)
- 2.3.5 Waarom sal die regering in die werking van markte inmeng? (4)
- 2.4 Verduidelik kortliks die langtermyn ewewigsposisie van 'n monopolis, met behulp van 'n grafiek met volledig byskrifte. (8)
- 2.5 Waarom verskaf die regering meriete goedere en dienste? (8)
- [40]**

VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE benaderings om beheer en kontrole te bedink. (2)

3.1.2 Wat is die impak van COVID-19 op buitelandse toeriste wat Suid-Afrika binnekom? (2)

3.2 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

DIE VERKORTE KOOLSTOFPROFIEL: SUID-AFRIKA

Suid-Afrika is die wêreld se 14^{de} grootste vrysteller van kweekhuiskasse (GHGs). SA se koolstofdioksied (CO₂) uitlatings is hoofsaaklik te wyte aan 'n swaar afhanklikheid van steenkool. Alhoewel 'n onlangs vrygestelde, voorlopige elektrisiteitsplan 'n beduidende verskuiwing vanaf brandstof na gas en hernubare bronne voorstel. Steenkool sal egter nog vir dekades lank voortgaan om 'n rol te speel, maar die plan sal geen nuwe aanlegte wat na 2030 gebou word bevat nie en vier-vyfdes van die vermoë sal teen 2050 gesluit wees.

[Bron: www.carbonbrief.org]

3.2.1 Identifiseer, uit die bostaande uittreksel, die kweekhuisgas wat die meeste in Suid-Afrika vrygestel word. (1)

3.2.2 Noem die industrie wat die meeste tot aardverwarming bydra. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die begrip *hernubare hulpbronne*. (2)

3.2.4 Verduidelik *vrywillige ooreenkomste* as 'n manier wat die regering aanwend om die omgewing volhoubaar te hou. (2)

3.2.5 Hoe sal verbruikers tot die vermindering van klimaatsverandering bydra? (4)

- 3.3 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

SA SE REKORDS IN BINNELANDSE TOERISME GROEI

Die tydperk van Januarie tot April 2019 toon uitsonderlike groei op die binnelandse toerisme front. Binnelandse toerisme reise het met 59,7% toegeneem – 'n verbysterende prestasie. SA Toerisme het gefokus op bemarkingsveldtogte wat Suid-Afrikaners verlei om in hulle eie land te wil reis.

Suid-Afrika bly 'n bestemming wat baie regoor al nege provinsies kan bied en is vasbeslote om die skoonheid wat saam met Suid-Afrika kom, aan die wêreld ten toon te stel en daarmee saam is dit waarde vir geld.

[Bron: www.tourismtattler.com]

- 3.3.1 Noem EEN bemarkingsveldtog wat tot groei in binnelandse toerisme gelei het. (1)
- 3.3.2 Noem EEN Wêrelderfenisgebied in Suid-Afrika. (1)
- 3.3.3 Beskryf kortliks die begrip *binnelandse toerisme*. (2)
- 3.3.4 Verduidelik die negatiewe uitwerking wat toerisme op die plaaslike gemeenskap het. (2)
- 3.3.5 Hoe verskil toerisme van ander diensbedrywe? (4)
- 3.4 Verduidelik die Kyoto-protokol as 'n belangrike internasionale protokol en ooreenkoms oor volhoubare ontwikkeling. (8)
- 3.5 Ondersoek die negatiewe uitwerking van globalisasie op omgewings-volhoubaarheid. (8)
- [40]**


VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES
40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE kriteria waaraan 'n aktiwiteit moet voldoen om as 'n toerisme aktiwiteit beskou te word. (2)

4.1.2 Wat sal gebeur as een besigheid in 'n volmaakte mark sou besluit om sy verkoopprys te verhoog? (2)

4.2 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: Medium voorstelling van die Toerisme sateliet aanspreeklik vir SA: 2017]

4.2.1 Identifiseer die sektor wat die minste tot die BBP in 2017, bygedra het. (1)


4.2.2 Wat was die totale bydrae van toerisme tot die BBP in 2017? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die begrip *vervaardiging*. (2)

4.2.4 Verduidelik hoe kreatiewe verteenwoordigende liggame toeriste na toeriste gebiede doeltreffend versprei. (2)

4.2.5 Hoe dra toerisme by om die ekonomie 'n hupstoot te gee? (4)

4.3 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.



4.3.1 Identifiseer, vanaf die bostaande grafiek, die optimale uitsetvlak. (1)

4.3.2 By watter punt op bostaande grafiek sal die besigheid gelykbreek? (1)

4.3.3 Verduidelik kortliks die begrip *totale koste*. (2)

4.3.4 Beskryf die marginale inkome-kurwe (MI) van 'n monopolie. (2)

4.3.5 Wat is die betekenis van die Suid-Afrikaanse Wet op Mededinging? (4)

4.4 Verduidelik kortliks die uitwerking van toerisme op werkskepping en armoede. (8)

4.5 Ondersoek die uitwerking van die vasstel van 'n maksimum prys op petrol in Suid-Afrika. (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word.

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE TOEKENNING
Inleiding Die inleiding is 'n laerorde-antwoord. • 'n Goeie begin sal wees om die sleutelkonsep wat in die vraag gebruik word, te definieer. • Moenie enige gedeelte van die vraag in jou inleiding insluit nie. • Moenie enige gedeelte van die inleiding in jou inhoud herhaal nie. • Vermoeg om in die inleiding te sê wat jy in die inhoud gaan bespreek.	Maks. 2
Inhoud Hoofgedeelte: Bespreek in detail/In-diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik Addisionele gedeelte: Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer/Hoe/Stel voor	Maks. 26 Maks. 10
Slot Enige toepaslike hoërde-slot wat die volgende behoort in te sluit: • 'n Kort opsomming van wat bespreek is / ontleed sonder om reeds genoemde feite, in die inhoud, te herhaal • 'n Mening of gewaardeerde oordeel oor die bespreekte feite • Addisionele ondersteunende inligting om bespreking te versterk / ontleding • 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien vereis • Aanbeveling	Maks. 2
TOTAAL	40

VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail, sonder die gebruik van grafieke, die kenmerke van 'n oligopolie. (26 punte)
- Ondersoek die negatiewe invloed van oligopolistiese gedrag op verbruikers. (10 punte) **[40]**

VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Ondersoek in detail die gevolge van inflasie. (26 punte)
- Hoekom is hoë inflasie 'n bekommernis vir besighede se prestasie? (10 punte) **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150